Dié gemeenskapsleiers van Riversdal het dit op hulself geneem om die gemeenskap te mobiliseer teen 'n berugte reeksverkragter. Van links is mnr. Philip Wilken, mnr. Deon Mano, mev. Sonja Small en past. Pieter Pieterse. | FOTO: MICHAEL HAMMOND

Genóég, sê Riversdallers oor reeksverkragter

HENRY CLOETE, RENATE MOOLMAN EN JOLINE VAN DER MERWE
IN RIVERSDAL
Henry.Cloete@Rapport.co.za

Die dorp van die "slapende skoonheid" se mense is lank geteister deur 'n vermeende reeksverkragter, maar dié gemeenskap ruk nou op om te sê: "Genoeg is genoeg".

Die inwoners van Riversdal in die Suid-Kaap praat met trots van die dorp se rustigheid en die koppie bo-op die berg wat nes die profiel van 'n slapende meisie lyk.

Die skoonheid van die dorp word egter al meer as vyf jaar bederf deur 'n reeksverkragter wie se jongste slagoffer verlede maand byna gesterf het.

Die 18-jarige matriekleerling van die Hoërskool Langenhoven is na bewering op 29 Mei herhaaldelik deur die 30-jarige vermeende misdadiger en sy minderjarige makker verkrag.

Luidens 'n persverklaring van haar familie by monde van MJ Vermeulen Prokureurs het sy 'n oopkap-bakkie by die De Draai-omgewing buite die dorp bestuur toe drie mans haar om 'n geleentheid vra.

Sy het hulle opgelaai. Een het later afgeklim, maar die ander twee het haar na bewering deur 'n oop venster oorrompel en van die pad gesleep. Sy is tydens die verkragting gewurg en 'n swaar klip van meer as 50 kg is op haar kop gegooi "om seker te maak sy is dood".

Sy het wonderbaarlik oorleef.

Die vermeende verkragters is die volgende dag in hegtenis geneem. *Hulle verskyn môre weer in die* plaaslike landdroshof op aanklag van verkragting, poging tot moord en roof.

Die beskuldigde het volgens me. Sonja Small, 'n gemeenskapsleier, reeds drie keer weggekom met soortgelyke oortredings.

In 2005 is hy in hegtenis geneem vir die verkragting van en moord op die 11-jarige Marike Jansen, maar hy is weens 'n gebrek aan bewyse vrygelaat.

In 2007 is hy skuldig bevind daaraan dat hy 'n 18-jarige meisie op Stilbaai aangerand het. Hy is weens 'n gebrek aan bewyse nie aangekla van verkragting nie. Hy het 18 maande tronkstraf uitgedien.

"In 2005 het 3 000 mense 'n griefskrif aan die landdros geteken dat hy nié vrygelaat moet word nie," sê mnr. Deon Mano, 'n plaaslike MIV/vigs-aktivis. "Genoeg is genoeg."

Mnr. Philip Wilken, voorsitter van die plaaslike gemeenskapspolisiëring-subforum, sê die plaaslike polisie doen "uitstekende werk".

"Maar wat gaan aan met die regstelsel dat dié man nog nie agter tralies sit nie?"

Op 9 Junie, met die beskuldigdes se eerste hofverskyning oor die gebeure van 29 Mei, het 'n optog deur die dorp gestap wat sterk herinner het aan 2005, toe meer as 2 000 mense óók teen sy vrylating betoog het.

Selfs die vakbond Solidariteit het 'n nasionale versoekskrif teen hom op hul Helpende Hand-webtuiste, www.helpendehand.co.za, begin.

Intussen beweeg gemeenskapsleiers van deur tot deur om steun teen misdaad te kry.